

2 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 31:12-17; Eksodus 20:8-11

Fokusgedeelte: Eksodus 31:12-14

Heilig ons nog die sabbat?

Hoe gaan jy hierdie Sondag deurbring? In Eksodus 31 kry ons vir die eerste keer dat daar gesê word dat die een wat nie die sabbat heilig nie, gedood moet word. Dit beklemtoon die erns waarmee ons die sabbat moet vier. Ons moet die sabbat onderhou sodat ander mense kan sien dat dit die Here is wat ons heilig en so moet ons ook die evangelie versprei deur ons lewenswandel.

Elke Sondag moet ons ook weer onder die besef kom van God se skeppingsmag en moet ons ook rus van ons sondige werke soos wat Hy gerus het. So word ons deur die sabbat/Sondagviering herinner aan God as Skepper, maar ook as Onderhouer wat die skepping steeds in stand hou.

Die sabbat is ook 'n teken van die ewige verbond van God. As ons as Christene op Sondae die opstanding van Christus vier, raak ons weereens bewus van hierdie verbond en kan ons met dankbaarheid voor God nader.

Laat ons elke Sondag hierdie jaar die sabbat heilig hou en opnuut besef hoe groot God is. Laat ons die evangelie aanhoor saam met ander gelowiges en mekaar versterk sodat ander kan sien dat ons die liggaam van Christus is.

Sing: Skrifberyming 25 (19-3):1, 6, 11

Teologiese student Danie Potgieter

